**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**DANS HG**
**(Eerste Vraestel: Geskiedenis en Musiek)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 140**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.

---

AFDELING A
**GESKIEDENIS VAN DANS**

**VRAAG 1**

1.1 Skryf ? kritiese resensie vir *Film Finesse*-tydskrif oor ? internasionale of plaaslike dansuitvoering wat jy in 2004 – 2005 op die verhoog, in die fliek of op video gesien het. Struktureer jou resensie na aanleiding van die volgende riglyne:

1.1.1 Titel van danswerk (1)

1.1.2 Dansuitvoerders (naam van dansgeselskap en hoofdansers) (1)

1.1.3 Datum (maand en jaar) en venue van uitvoering of beeldsending (1)

1.1.4 Choreograaf (-grawe) (1)

1.1.5 Stel- en kostuumontwerper(s) (1)

1.1.6 Komponis(te) of musiekuitvoerder(s) (1)

1.1.7 Kort beskrywing van die inhoud of storielyn (1)

1.1.8 Choreografiestyl (1)

1.2 Jy is genader om **óf** ? Suid-Afrikaanse **óf** ? internasionale dansgeselskap aan te beveel om op te tree as deel van ? staatsfunksie vir internasionale hooggeplaastes. Skryf ? brief aan die organiseerders waarin jy die dansgeselskap van jou keuse identifiseer. Gee redes vir jou keuse deur na die volgende aspekte te verwys:

1.2.1 Die naam van die dansgeselskap, die artistieke bestuur en hoofdansers (2)

1.2.2 ? Kort oorsig van die geselskap en hul choreografiestyl (2)

1.2.3 Titels van TWEE danswerke uit hul repertorium wat hulle kan uitvoer (2)
**[14]**

## VRAAG 2

Die onderstaande tabel met loopbaaninligting oor die dansbedryf gaan in ? danspublikasie verskyn. Teken die tabel in jou antwoordboek oor en verskaf die ontbrekende inligting. Noem langs elke loopbaanarea ? spesifieke beroep wat daaraan verwant is, asook vaardighede en verantwoordelikhede wat nodig is om in die beroep aangestel te word en sukses te kan behaal.

| Loopbaanarea | Werk verwant aan area | Vereiste vaardighede en verantwoordelikhede |
|---|---|---|
| Vermaaklikheids-bedryf | | |
| Joernalistiek | | |
| Dansonderwys | | |
| Dansadministrasie | | |
| Dansterapie | | |

**[10]**

## VRAAG 3

3.1 Is dit nodig vir dansers om by sosiale vraagstukke soos die <u>voorkoming</u> van MIV/Vigs, dwelmmisbruik, misdaad, verkragting, kaping, gewapende roof, ens. betrokke te raak? Motiveer jou antwoord in ? kort paragraaf. (3)

3.2 Wat is **kreatiewe beweging**? Waarom is kreatiewe beweging waardevol in skole? (5)

3.3 Jy besluit om ? dansvertoning by die plaaslike gemeenskapsentrum te regisseer en aan te bied. Watter stappe moet jy doen by die beplanning van so ? projek? (6)
**[14]**

**VRAAG 4**

Jy is ? joernalis vir jou skool se jaarblad. Skryf ? artikel met ? opvallende opskrif waarin jy jou gunsteling dansvorm of dansveld bemark. (1)

**NB**: Moenie die inligting puntsgewys gee nie. Struktureer dit in vier paragrawe soos volg:

- Die geskiedenis, agtergrond en oorsprong van die dansvorm (inleiding) (3)
- Die beginsels wat die dansvorm onderlê (inhoud) (4)
- EEN professionele uitvoerder van die dansvorm, sy/haar loopbaan en prestasies (4)
- Die toepaslikheid van die dansvorm vir vandag (slot) (2)

**[14]**

**VRAAG 5**

Jy moet by die jaarlikse FNB Danssambreel EEN Suid-Afrikaanse choreograaf aan die gehoor voorstel. As voorbereiding vir hierdie taak, skryf al die toepaslike feite oor die choreograaf netjies op toespraakkaarte soos volg neer:

5.1 Sy/haar naam en kort opsomming van die choreograaf se dansloopbaan (3)

5.2 Prestasies en toekennings wat hy/sy behaal het (4)

5.3 Choreografiestyl en voorbeelde van DRIE danswerke (4)

5.4 Addisionele belangstellings en huidige betrokkenheid (3)

**[14]**

**VRAAG 6**

Kies TWEE danswerke uit die voorgeskrewe danswerke wat jy vanjaar bestudeer het, wat na **voëlbeelde** verwys. Vergelyk dié twee werke en stel vas hoe dié voëlbeelde in die storielyn, hoofkarakters, kostuums, stelontwerp en choreografiestyl van elke werk gereflekteer word. **[14]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [80]**

AFDELING B
**MUSIEK**

**VRAAG 7**

Hierdie vraag verwys na die aangehegte musiekpartituur ***Albrecht and the Wilis***.

7.1 Verduidelik die betekenis van *Andante*. (1)

7.2 Wat beteken die tyd 4/4 tydmaat-teken? (1)

7.3 Skryf die volgende afkortings onder mekaar neer: ***espress., dim***.
Skryf langs elkeen die volledige Italiaanse term uit en gee die betekenis daarvan. (2)

7.4 Wat dui ***8va*** ----------------| in maat 12 aan? (1)

7.5 Buiten die agstenote, watter ander nootwaardes kom in maat 2 voor? (3)

7.6 Kopieer VIER verskillende tipes rustekens uit mate 11 en 12 en skryf die naam van elke rusteken duidelik langs elke teken neer. (4)
**[12]**

**VRAAG 8**

Pas die inligting in **Kolom B** by die inligting in **Kolom A**. Skryf die korrekte alfabetletter langs elke nommer neer. **Voorbeeld: 8.14 Q**.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 8.1 | Kordofoon | A | Sopraan |
| 8.2 | Tromboon | B | Rondovorm |
| 8.3 | *Forte* | C | Twee kwartnote in ? maat |
| 8.4 | Hobo | D | Polsslag |
| 8.5 | Telling | E | Aërofoon |
| 8.6 | Melodie en begeleiding | F | Luid |
| 8.7 | Polifonies | G | Viool |
| 8.8 | Marimba | H | Lae toonhoogte |
| 8.9 | Geleidelik sagter | I | Twee melodielyne |
| 8.10 | Tweeledige vorm | J | Saksofoon |
| 8.11 | Hoë toonhoogte | K | Koperblaas |
| 8.12 | ABACA | L | AB |
| 8.13 | Enkelvoudige tweeslag-maat | M | Homofonie |
| | | N | *Decrescendo* |
| | | O | Ideofoon |
| | | P | ABA |

**[12]**

## VRAAG 9

Kies TWEE stylperiodes wat jy bestudeer het.

Teken die onderstaande tabel in jou antwoordboek oor en beantwoord vrae 9.1 tot 9.3 soos in die tabel aangedui word.

| | **Stylperiode No 1** | **Stylperiode No 2** |
|---|---|---|
| 9.1 | Stylkenmerk | Stylkenmerk |
| | Stylkenmerk | Stylkenmerk |
| 9.2 | Musikus No 1 | Musikus No 1 |
| | Musikus No 2 | Musikus No 2 |
| 9.3 | Werk No 1 | Werk No 1 |
| | Werk No 2 | Werk No 2 |

9.1 Skryf TWEE stylkenmerke van die musiek uit **elke** stylperiode neer (bv. kenmerke van die melodie / ritme / dinamiek / toonkleur / harmonie). (4)

9.2 Skryf by elke stylperiode die name van TWEE musici (komponiste / uitvoerders) neer. (4)

9.3 Noem TWEE werke (komposisies) uit elke stylperiode. (4)

**[12]**

## VRAAG 10

Julle skool beoog ? nuwe webtuiste en jy moet inligting verskaf oor ? vooraanstaande danskomponis. Skryf kort aantekeninge oor sy/haar musiekloopbaan, musiekstyl en bydrae tot die dansrepertorium (komposisies vir dans).

**[12]**

## VRAAG 11

Kies DRIE danstipes uit die onderstaande blokkie en skryf hulle onder mekaar in jou antwoordboek neer.

*Barcarolle, Bolero, Cha-Cha, Charleston, Flamenco, Foxtrot, Galop, Habañera, Kwela, Mambo, Mazurka, Mbaqanga, Menuet, Polka, Polonaise, Ragtime, Rumba, Samba, Tango, Tarantella, Wals*

11.1 Skryf by elke dans die volgende neer:

- Die tempo
- Die tydmaatteken
- Die land van oorsprong neer (9)

11.2 Kies EEN van die danstipes in Vraag 11.1 en skryf dit as ? duidelike opskrif neer. Verduidelik vir watter oefening hierdie danstipe in die dansklas geskik sou wees en gee redes waarom. (3)

**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [60]**

**TOTAAL: 140**

**ADDENDUM** **Partituur:** *Albrecht and the Wilis*

**Andante** (***At Myrtha's command, Giselle dances***)




**END / *EINDE***